# Van die redaksie

Ontvang hiermee die tweede uitgawe van die Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif vir 2010. Baie dankie aan die skrywers vir hulle bydraes en mag u as leser groot baat vind by die teologiese navorsing en nadenke wat in al die artikels neerslag gevind het.

Op 7 Julie 2010 is prof Flip Theron na 'n lang en harde stryd teen kanker oorlede. Ons bid sy eggenote Marianne, hulle kinders, kleinkinders en ander familielede die vertroosting van die Here God toe. Prof Theron was 'n baie getroue medewerker van die NGTT. By die Fakulteit in Pretoria is prof Will Vosloo, emeritus hoogleraar ook in die afgelope jaar oorlede, terwyl dr David Keta in Bloemfontein na 'n lang siekbed in Junie oorlede is. Ons meegvoel en gebed om vertroosting gaan ook uit na die dierbares van hierdie kollegas. Ons het ook met leedwese kennis geneem dat dr Callie Hugo op Saterdag 24 Oktober 2010 gedurende die nag in sy slaap oorlede is. Die laaste artikel van dr Hugo verskyn in hierdie uitgawe. Hy het homself bewys as 'n baie bekwame medewerker van die NGTT. Dr Hugo se vader het self ook vanaf 1949-1988 in die bediening gestaan. Ons innige meegevoel gaan uit na al sy dierbares, mag die Here hulle vertroos deur sy Gees.

By al drie die fakulteite is daar ook gedurende 2009-2010 nuwe aanstellings gemaak. Ons verwelkom graag die volgende kollegas by die onderskeie fakulteite en in hulle onderskeie vakgebiede. Stellenbosch: Dr Mary-Anne Plaatjies van Huffel (Ekklesiologie), Prof Julie Claassens (Ou Testament met spesiale opdrag: Bevordering van Menswaardigheid) en Me Chantelle Weber (Jeugwerk). Pretoria: Dr Sias Meyer (Ou Testament), Prof Cas Wepener (Praktiese Teologie), Prof ST Kgatla (Godsdiens- en Sendingwetenskap) en Dr V Vellem (Dogmatiek en Christelike Etiek). Bloemfontein: Dr Gordon Dames en ds Joseph Pali (Praktiese Teologie).

Dit is ook met hartseer dat ons die volgende kollegas groet wat gedurende die afgelope jaar afgetree het. Stellenbosch: Proff Daniël Louw en Jurgens Hendriks. Pretoria: Proff Jurie le Roux en Etienne de Villiers. Bloemfontein: Proff Faan Riekert en Johan Janse van Rensburg. Ons hartlike dankie ook aan hierdie kollegas vir hulle medewerking met die NGTT. Ons het ook kennis geneem dat prof Dolf Britz voltyds aangestel is in die Direktoraat vir Institusionele Navorsing en Akademiese Beplanning aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy is voortaan slegs gedeeltelik verbonde aan die Fakulteit Teologie.

Dr Gerrit Brand is in die afgelope weke aangewys as die nuwe redakteur van die NGTT. Ons wens hom graag baie geluk met die benoeming en bid hom sterkte en wysheid toe vir hierdie taak.

Daarmee groet ondergetekende as redakteur. Dit was 'n voorreg om hierdie werk te kon doen. Baie dankie aan almal wat saamgewerk het.

Ek bid graag vir al die lesers en medewerkers 'n baie geseënde Kerksfees toe en mag die nuwe jaar ewe-eens in die teken van die Here se genade en seën staan.

P Coertzen
(Redakteur NGTT)
Stellenbosch
Desember 2010